## HOOFSTUK I.

### Die opkoms van die Moderne Opvoedkundige Sosiologie.

1. Inleiding:

„Die moderne Sosiologie is aan die begin van die vorige eeu vanuit Frankryk deur Claude Henri, Graaf de Saint Simon (1760-1825) en met name Auguste Comte (1798-1857) as 'n geheel selfstandige en nuwe wetenskap, in die ry van die bestaande wetenskappe, ingevoer. Sy veld van ondersoek was omskrywe as die wetenskap van die menslike samelewing" [1].

Die verdere ontwikkeling van die Sosiologie tot 'n selfstandige vakwetenskap was die resultaat van 'n lang en onafgebroke stryd tussen veral die Staatsleer en die Geskiedenis. „Geschiedenis en sociologie hebben elkaar naar het leven gestaan, de staatswetenschap heeft de jeugdige sociologie reeds in de wieg willen smoren, de sociologie op haar beurt heeft in jongensachtige overmoed alle sociale wetenschappen willen opslokken. Geleidelik is er een betere verstandhouding gekomen, tezame met een scherpere afbakening van elkaars gebieden" [2].

Hierdie afbakening het saamgehang met die belangstelling en aanleg van die ondersoekers wat 'n verdieping van die probleemstelling meegebring het.

Dit het ook gepaard gegaan met en is die gevolg van veranderinge wat die menslike samelewing ondergaan het [3].

---

1) Du Preez, D.C.S.: Die grondprobleme van die Sosiologie, p. 1.

2) Eerste Nederlandse Systematisch Ingerichte Encijclopaedie, Band 3, p. 11.

3) Vgl. Coetzee, J.Chr. en Van Rooy, D.J., Beginsels en Metodes van die Hoër Onderwys: artikel van D.C.S. du Preez: „Sosiologie", p. 233.

Hierdeur is ook nuwe eise aan die ondersoekers gestel ten opsigte van die probleemstelling en die omvang van die materie.

Enkele grondstellinge moet egter ons aandag geniet:

2. Die samehang en verband tussen die sosiale wetenskappe:

Nieteenstaande hierdie skerpere afbakening tussen die onderskeie sosiale wetenskappe is daar nog samehang tussen die Ekonomie, die Staatsleer, die Regswetenskap, die Antropologie, die Sosiale Psigologie, die Geskiedenis en die Aardrykskunde. „Natuurlijk zijn deze wetenschappen bij elkaar gezet omdat zij iets meer met elkaar gemeen hebben dan twee willekeurige wetenschappen onderling" [1].

Die gemeenskaplike tussen hierdie sosiale vakwetenskappe is naamlik die „sosiale" wat almal met die tussenmenslike verhoudige en gedragswyse in die samelewing te make het, dit wil sê: „zij houden zich bezig met de sociale of maatschappelijke verschijnselen, met de verschijnselen der menselijke samenleving" [2].

Die mens, vir sover hy deur die Sosiologie bestudeer word, is 'n sosiale wese en besit 'n sosiale aanleg, taak en roeping. Die enkele mens is dus nie 'n wese wat by en uit homself kan bestaan nie, maar hy is aangewys op saamlewe met ander. Sy daaglikse lewe is nie 'n lewe op homself en vir homself nie en kan dit ook nie wees nie, maar sy lewe bestaan aldeur en onophoudelik in en word onderhou deur saamlewe met ander persone [3]. Die mens is nie 'n enkeling, 'n individu sonder meer nie, maar hy is op sy medemens afgestem, of soos Van Dijk dit uitdruk: „de geschapen werkelykheid van het menszyn integendeel meebrengt, dat hy doorlopend en op allerlei wyzen in contact treedt met zyn medemensen" [4]. Ook Steinmetz druk dit mooi

---

1) Eerste Nederlandse Systematisch Ingerichte Encyclopaedie, p. 1.

2) Ibid.

3) Vgl. Van Dijk, R.: Mens en Medemens, p. 10.

4) Ibid.

uit: „Men vergete nooit, dat de mensch altijd in gemeenschap geleefd heeft, waarschijnlijk in den aanvang in zeer kleine groepen, misschien grootendeels, maar dit dan ook zeker en onafgebroken in den kleinsten samenhang, dien van het gezin resp. de kleine familie, dus in de biologische eenheid" [1].

Ook Chinoy [2] bewys hierdie waarheid. „Sociology begins with two basic facts: the behaviour of human beings show regular and recurrant patterns, and human beings are social and not isolated creatures".

Uit die omskrywing van Chinoy vloei voort dat die enkele mens 'n individu is, met sy eie geestesaard, verstandsvermoëns, aanleg, neiginge, moontlikhede en geleenthede en tegelykertyd het hy ook 'n sosiale roeping in die huwelik, huisgesin, kerk, staat, skool, bedryf en allerlei organisasies en verenigings. „Die ewige dilemma", soos dit deur Lysen genoem word, raak die verhouding tussen die individu en die gemeenskap [3]. Professor Stoker sê dat die mens 'n individuele en sosiale wese is, geroepe om teen die sonde te stry en die voortwoekering van die kwaad in die skepping te bestry. „Ook in hierdie verworde skepping moet die mens God dien, sy roeping vervul en Gods grootheid soek deur kultuur (sedelikheid, reg, kuns, wetenskap, ekonomiese goedere, taal, geskiedenis, ens.) te vorm" [4].

Hierby kom nog dat <u>die mens die aktiewe element</u> is in die twee-eenheid van mens en samelewing, net soos die mens, samelewing en kultuur 'n onverbreeklike drie-eenheid is [5].

Die mens is die aksiesentrum in die menslike samelewing. Hy ontplooi sy individuele en ingebore eienskappe, gawes,

---

1) Steinmetz, S.R.: <u>Inleiding tot de Sociologie</u>, p. 187.

2) Chinoy, Ely: <u>Sociological Perspective</u>, p. 9.

3) Lysen, A.: <u>Individu en gemeenschap</u>, hoofstuk 3.

4) Stoker, H.G.: <u>Die stryd om die Ordes</u>, p. 221.

5) Vgl. Van Dijk: <u>Mens en Medemens</u>, p. 38.
Vgl. Linton, R.: <u>The Cultural background of personality</u>, p. 14, 15.

talente en moontlikhede in en deur die samelewing en wel op grond van samewerking en wisselwerking met sy medemens. „If man is to be the directive agent of his world, he has to understand not only the individual, but also the organization of society" [1]. „Die mens, al is hy ook onderworpe aan die wet Gods, soos stof, plant en dier, is tog meer as hulle omdat hy, geskape na Gods beeld, ook onder wette staan (norme) wat hy kan oortree. Maar hy is veral meer as hulle omdat hy medeheerser, medeskepper, medestryder, ja aksiefront van God is" [2].

In hierdie verband verklaar Ogburn en Nimkoff dan ook heeltemal tereg: „Cooperation and opposition are the two basic facts of group life" [3]. Ook Cooley beklemtoon die belangrikheid van wisselwerking: „The family is the cradle of personality" [4]. Die aspek van die sosiale prosesse word ook deur professor Du Preez geraak [5].

Op grond van die beskouing van die mens as aksiesentrum in samewerking met sy medemens, word in die gangbare opvatting van die Sosiologie dikwels die stelling verdedig dat die mens niks anders en niks meer is as die produk van sy sosiale milieu nie, maar Van Dijk beweer dat die mens, ten spyte van hierdie aangeleerde reaksies, hoewel dit by volwassenheid 'n groot deel van die persoonlikheid omvat, 'n aansienlike mate van individualiteit by sy persoonlikheidsvorming behou [6].

Wanneer ons die vorige uiteensetting nader moet toelig, dan is die enkele mens 'n lid van en het hy deel aan daardie

---

1) Brown, F.J.: Educational sociology, p. 9.

2) Stoker, H.G.: Die stryd om die Ordes, p. 222.

3) Ogburn, W.F. en Nimkoff, M.F.: Handbook of Sociology, p. 232.

4) Cooley, C.H.: Social organization, hoofstuk 3.
Vgl. Wilson, L., en Kolb, W.L.: Sociological analysis, pp. 287-289.

5) Du Preez: „Watter bydrae kan die Sosiologie lewer tot doeltreffender opleiding van onderwysers?", in Onderwysblad, no. 656, deel LVIII, 1 Junie 1954, p. 111

6) Vgl. Van Dijk: Mens en Medemens, p. 36.

fundamentele samelewingsvorme, trouens elke mens word normaalweg uit die huweliksgemeenskap gebore om die huisgesin te vorm as basis vir aansluiting by die samelewing.

Die wordende persoonlikheid van die kind word gevorm en ontwikkel deur die kinderspel, buurt en die skool om geleidelik gesonde aansluiting te kan vind by die kerk, die staat en beroepsarbeid vir sy uiteindelike taak en roeping. Hieruit volg nou 'n grondstelling van Dawson en Gettys oor die indiwidu en die groep, en die belangrikheid van die groep of samelewingsvorm, soos onder andere deur hulle bewys [1].

Dit is verstaanbaar dat die aandag van die ondersoekers veral op die konstante samelewingsvorme val, omdat dit 'n vaste en duursame karakter het. Daarom dat hierdie min of meer duursame samelewingsvorme, bv. naas die wat tevore reeds genoem is soos die kerk, die staat, die bedryf ens., steeds in die sentrum van die belangstelling staan, veral om die belangrike rede dat in hierdie duursame en hegte samelewingsvorme die individuele selfheid, die eieheid en die individuele gestalte baie maklik aantoonbaar is en wel omdat hy 'n blywende bestaan het, ondanks die afsterwe, wisseling en opvolging van individuele lede in die groep [2].

Behalwe dat die mens lid is van bogenoemde samelewingsvorme, vorm en onderhou hy self samelewingsvorme, dit wil sê hy is en word 'n lid van 'n bepaalde samelewingsvorm en dra sy deel deur middel van funksies daartoe by. Ons kry dus nie net konstante samelewingsvorme nie, maar ook die samelewingsvorme deur die mense self georganiseer. Hier het ons die oog op die tallose verenigings en organisasies waarin die mense gesamentlike handelinge met bepaalde doeleindes nastrewe om die tussenmenslike verhoudinge en gedragswyse te beïnvloed en te vorm.

Ook in die opsig is die mens die aktief vormende element

---

1) Vgl. Dawson, C.A. en Gettys, W.E.: Introduction to Sociology, pp. 389-394.

2) Vgl. Du Preez, D.C.S.: Honneurs B.A.-Aantekeninge, 1955.

in die menslike samelewing [1], want die samelewing sonder die mens is ondenkbaar en onbestaanbaar.

Op hierdie wyse ontplooi, ontvou, realiseer en aktualiseer hy al die rykdom van sy menslike kulturele funksies, dit is ekonomies, artistiek, sedelik, taalkundig, histories. Die samelewing omvat dus nou twee groepe van samelewingsvorme: duursames, soos byvoorbeeld die huwelik en die gesin, en die maatskaplikes soos byvoorbeeld organisasies van nie-staatlike aard.

Die maatskapsverhoudinge wat hy vorm en onderhou in die konkrete samelewingswerklikheid bestaan onder andere uit allerlei samelewingsverhoudinge van die enkele mens teenoor sy medemens, byvoorbeeld dié van vriende, van koper teenoor verkoper, van werkgewer en werknemer, van dokter teenoor pasiënt ens., dit wil sê daardie vlugtige, oppervlakkige en kortstondige kontakte en verhoudinge.

Wanneer ons die aandag weer terugvoer na wat reeds vroeër gesê is, dan is 'n verdere kenmerk van die sosiale vakwetenskappe dat hulle almal as funksionerende dele van die groot geheel van die menslike samelewing strewe om uitvoering te gee aan 'n gemeenskaplike doel in die totaliteit van die sosiokulturele werklikheid. Wanneer ouers byvoorbeeld hulle kinders wil laat onderwys en opvoed, wend hulle hulle tot die skool ter wille van die onderwys en opvoeding, tot die kerk vir die godsdiens en naasteliefde, tot die bedryf vir die ekonomiese welvaartstrewe, tot die staat vir regering wat deur middel van wette die regsverhoudinge tussen owerheid en onderdane reël [2].

3. Onderskeiding tussen die sosiale wetenskappe.

Om 'n duideliker beeld van hierdie onderskeiding in die gemeenskaplike strewe na bepaalde doeleindes in die samelewing te kry met die oog op verdere grond~~vrae~~trekke, is dit nodig dat ons

---

1) Vgl. Van Dijk: Mens en Medemens, p. 38.
2) Vgl. Ottaway, A.K.C.: Education and Society; An introduction to the Sociology of Education, p. 1.

itgaan van die volgende: Afsonderlik word elke sosiale akwetenskap uit die sosiale vakwetenskapgebou beheers deur sy eie ernprobleem van ondersoek, sy eie terminologie, grondbegrippe en esigspunte. „It is always the focus of interest which distinguishes ne social science from another [1]". Nieteenstaande hierdie onderskeiding soos MacIver dit stel, is daar tog wisselwerking en 'n onerlinge verband. „Yet at the same time one is aware that man's ctivities in practical life are interrelated" [2].

Ten opsigte van die wisselwerking is die gemeenskaplike elangstelling in die bereik van 'n doelstelling en in die taak van 'n akwetenskap ook van belang, want „what distinguishes each from each s the selective interest" [3].

As voorbeeld van hoe die sosiale vakwetenskap te werk gaan, oem Van Dijk die Ekonomie. Hierdie sosiale vakwetenskap intresseer hom in die sosiokulturele verhoudinge tussen die mense in die enslike samelewing, die menslike handelinge en gebeurtenisse, so voorbeeld in 'n depressie, alleenlik en uitsluitlik vir die ekoomiese kant daarvan - vir die ekonomiese aspek.

Hierdie ekonomiese aspek abstraheer die Ekonomie uit die otale samehang van die samelewingswerklikheid, en stel dit fsonderlik deurdat dit hom beperk tot die volgende probleemtelling: die ondersoek na die vraag van die doelmatige aanending van skaars middels ter bevrediging van in prinsiepe 'n eindige aantal behoeftes [4].

Die Ekonomie bestudeer ook die „homo economicus", dit wil die mens uitsluitlik t.o.v. daardie kant van die lewe en s ook van die samelewing wat beheers word deur sy ekonomiese

---

MacIver, R.M. en Page, C.H.: Society; <u>An introductory analysis</u>, p. 5.

Ottaway; <u>Education and Society</u>, p. 1.

MacIver & Page: <u>Society</u>, p. 5.

Van Dijk: <u>Mens en Medemens</u>, p. 5.

strewe. Maar selfs as die Ekonomie sy ondersoek rig op die samelewingsvorme, soos die staat en die huisgesin, dan bemoei dit hom slegs alleen weer met die ekonomiese sy, vir sover staat en gesin 'n rol speel in die volle ekonomiese lewe [1].

Vir die Ekonomie is byvoorbeeld die regs- en politieke verhoudinge, demokrasie en partystelsel in 'n staat, of die bloedverwantskap- en liefdesverhouding, gesag en ondergeskiktheid in die huisgesin op hulle self van geen belang nie.

Die bestudering van daardie en dergelyke verskynsels laat die Ekonomie hom bemoei met min of meer „suiwer" ekonomiese verskynsels, soos die bedryf, die onderneming, die geld- of die markwese, dan interesseer hy hom alleenlik vir die ekonomiese aspek daarvan.

Wat hier van die Ekonomie vasgestel is, geld ook vir die verskillende sosiale vakwetenskappe volgens hulle aard en wese, byvoorbeeld van die Antropogeografie, Sosiale Biologie, Sosiale Sielkunde, Sosiale Etiek ens.

Al hierdie sosiale vakwetenskappe bemoei hulle slegs met <u>één</u> bepaalde <u>aspek</u> van die menslike samelewing en is daarom dus eintlik <u>sosiale aspekwetenskappe</u> [2]. Nie een van hierdie vakwetenskappe bemoei hom met die samelewing as 'n totaliteitstruktuur, of met die samelewingsvorme as 'n geheel, as 'n totaliteit in hulle onderskeie verskyningsvorme, in hulle individuele gestaltes nie [3]. „All the so called social sciences are studying some abstracted aspect of human behaviour" [4].

Samevattend kan ons sê die verskillende en onderskeidende aard van elke sosiale wetenskap is die uitkies van <u>een</u> bepaalde „kompartement" uit die totaliteit van die menslike samelewing

---

1) Vgl. Van Dijk: <u>Mens en Medemens</u>, p. 5.

2) Vgl. Kooistra, R.: <u>De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie</u>, p. 31.

3) Vgl. Du Preez, <u>Honneurs B.A.-Aantekeninge</u>, 1955.

4) Carr, L.J.: <u>An analytical sociology, social situations and social problems</u>, p. 2.

waaromheen hy sy sisteem van tussenmenslike verhoudinge uit die sosiokulturele werklikheid opbou, dit wil sê, die vakwetenskappe formuleer en sistematiseer hul bevindinge tot onderskeidende sosiale vakwetenskappe. Kooistra stel dit baie duidelik dat die sosiale vakwetenskappe op hierdie wyse ontstaan het as sosiale aspekwetenskappe [1].

Vervolgens let ons op:

4. <u>Die onderskeiding tussen die Sosiologie en die sosiale vakwetenskappe:</u>

<u>Die Sosiologie:</u>

Met hierdie kort onderskeiding tussen die sosiale wetenskappe wys ons verder op die volgende: „The student approaching the study of sociology asks, quite properly; What is sociology about? The answer at first glance is simple. Sociology studies the behaviour of human beings in society. But it will be pointed out, so too, in their own, do the other social sciences - economics, history, political science, social psychology, anthropology. How is sociology different from these disciplines?" [2]

Hierdie sitaat kan dien as inleiding op die bespreking oor die veld van ondersoek van die Sosiologie. Die eerste probleem wat ons hier aan die orde stel, is dat hierdie omskrywing nie sonder meer as juis of onjuis bestempel kan word nie. Die eerste vraag in hierdie verband is of die ondersoeker op grond van hierdie kort en globale omskrywing van die veld van ondersoek van die Sosiologie wel 'n duidelike voorstelling kan kry van die veld van ondersoek van die Sosiologie. Die antwoord op hierdie vraag is ontkennend, omdat wat hier van die Sosiologie gesê word, net so goed beweer kan word van die ander sosiale wetenskappe.

Die vergelyking van sodanige definisies van die Sosiologie met dié van die ander sosiale wetenskappe sou ook geen behoor-

1) Vgl. Kooistra; <u>De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie</u>, p. 30.
2) Chinoy: <u>Sociological perspective</u>, p. 1.

like insig bied in die veld van ondersoek van die Sosiologie nie. Die eerste antwoord, nl. „sociology studies the behaviour of human beings in society", bevredig dus glad nie, want wat hier van die veld van ondersoek van die Sosiologie gesê word, geld ook vir die Ekonomie of die Sosiale Psigologie.

Ten einde die onduidelikheid oor die veld van ondersoek van die Sosiologie op te klaar is dit noodsaaklik dat die ondersoeker hom rekenskap moet gee van die sleutelterme wat in hierdie omskrywing gebruik word.

Hierdie sleutelterme word ook aangetref in 'n beter definisie soos deur Chinoy gegee, nl. „We might define sociology as the study of human groups, or human interaction, of social institutions or, perhaps more elaborately, as the science which attempts to develop <u>an analytical theory of social action systems</u> in so far as these systems can be understood in terms of the property of commonvalue integration" [1].

In hierdie verband wil ons die volgende sleutelterme nader behandel, te wete „groups", „interaction" en „institutions". Waarom daar nou juis op die sleutelterme ingegaan moet word, is omdat

(a) dit die eerste stap is om die veld van ondersoek van die Sosiologie bloot te lê;

(b) die belangrikste rede dienaangaande is volgens Chinoy: „They differentiate sociology from the other social sciences each of which has its own body of concepts" [2].

Ook Van Dijk wys daarop dat die ondersoeker helderheid moet hê oor die sleutelterme: „Het heeft geen zin deze korte globale definities zonder meer als juist of onjuist te betitelen; wel moet men zich afvragen of men met deze definities eigenlijk wel iets verder komt. Immers zal het er altyd om gaan in welke zin men termen als samenleving, groep, groeps-

---

1) Chinoy: <u>Sociological perspective</u>, p. 2.

2) Ibidem.

leven en sociaal bedoelt en niet bedoelt. Het gebruik van zeer algemene en alomvattenden termen als „de samenleving" „het menselijk leven in groepsverband," „de sociale verschijnselen," in de definitie, kan gemakkelijk aanleiding geven tot misverstand" [1].

In hierdie analise van die sleutelterme lê dus opgesluit die probleemstellinge en die verklaringe. Wanneer daar byvoorbeeld van die familie gepraat word, word daar verwys na die ouers, broers en susters, dit is die huisgesin. So ook by die definitiewe formulering van die begrippe kommunisme, liberalisme, konserwatisme ens. word min woorde gevind wat almal se goedkeuring sal wegdra. Nogtans het die Sosiologie sy eie terminologie opgebou wat algemeen aanvaar word. Sulke algemene begrippe is onder andere bv. kultuur, groep, struktuur, funksie, status, mag, outoriteit en ras. Dit verwys na tipes, na klasse, persone en samelewingsvorme waarin groepe mense saam lewe, saam werk en gebeurtenisse voorkom soos byvoorbeeld rewolusies, dokters, en die sosiale prosesse van samewerking en konflik ens.

Saamgevat sentreer bogenoemde begrippe om die volgende: die mens in verhouding tot sy medemens, sy kontakte met groepe genoem samelewingsvorme, kontakte van groepe met groepe ens. Verder is ook kultuur die produk van die mens en mensegroepe se aktiwiteite of arbeid. „Orals waar daar menslike verbande is, werk mense saam" [2].

Uit die vorige kort samevatting is dit dus duidelik dat die antwoord op die vraag of die sosiale vakwetenskappe die volle tydelike samelewingswerklikheid uitput, positief nee is, en dat daar vir die Sosiologie dus oorbly die ondersoek na die verskillende individualiteite, wat ons aantref in die samelewingswerklikheid. Hierdie probleem van die individuali-

---

1) Van Dijk: Mens en Medemens, p. 8.

2) Du Preez; „Watter bydrae kan die Sosiologie lewer tot doeltreffender opleiding van onderwysers," Onderwysblad, 1 Junie 1954, p. 109.

teit, van die samelewing, die samelewingsvorme, die samelewingsverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse, behoort tot die kerngebied van die sosiologiese ondersoek.

Wat presies ondersoek die Sosiologie in en aan hierdie individualiteite? In die eerste plek word die struktuur van die diverse individualiteite ondersoek, dit wil sê die Sosiologie ondersoek die struktuur van die huwelik, die huisgesin, die kerk, die staat ens.

(c) Wat word nou kortliks verstaan onder die Sosiologie as struktuurwetenskap van die menslike samelewing? Hierdie vraag vloei voort uit die definisie van Chinoy, nl. die gedeelte: „as the science which attempts to develop an analytical theory of social action systems in so far as these systems can be understood in terms of the property of commonvalue integration" [1].

Oor die algemeen verstaan ons onder struktuur bepaalde dele só opgebou tot 'n geheel dat aan elkeen van hierdie dele sy bepaalde plek en funksie in die geheel aangewys word, sodat daar 'n geheel ontstaan van 'n besondere karakter en van 'n eie aard. Dit is hierdie strukturele orde wat 'n geheel maak tot wat dit eintlik is en behoort te wees. Om 'n geheel dus in sy onveranderlike kern, in sy diepste wese, wetenskaplik te ken, is dit noodsaaklik om kennis te hê van die strukturele orde, die strukturele wetmatigheid, wat ten grondslag lê aan daardie geheel, aan daardie strukturele individualiteit.

In hierdie verband haal ons ook Wilson en Kolb aan om 'n duideliker beeld van die Sosiologie as struktuurwetenskap te kry: „Treated apart from the social structure, the processes are so abstract that little can be said about them or little use made of them in research. Seen as functional elements within social systems they take on significance as the dynamic

---

1) Chinoy, Sociological Perspective, p. 2.

components which make society a going concern" [1].

In hierdie aanhalings het ons te make met die begrippe „struktuur" en „funksies" in 'n wetenskaplike sisteem van die Sosiologie, as die studie van die menslike samelewing.

Hieruit volg dat ons moet aantoon wat die struktuur eintlik is en meer in die besonder vir die Sosiologie. Die struktuur is die wysgerige ondergrond van die Sosiologie. Die wysgerige ondergrond word verkry uit die prinsipes van die Heilige Skrif [2]. Dit wil sê ons het hier te make met 'n hiërargie van waardes soos vasgestel deur die filosowe: vanaf die eenvoudigste waardes tot die mees gekompliseerdes. Ons noem hulle getal, ruimte, beweging, die biotiese, psigiese, analitiese, historiese, linguïstiese, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en die pistiese.

Hierdie rangorde in waardes noem ons in die gangbare Sosiologie die strukturele orde, d.w.s. die onderskeie aspekte soos hulle saamhang en op mekaar toegeskape is om die geheel te vorm. Ook word hierdie strukturele orde genoem die wetskringe, wat ons in die Sosiologie kortweg die aspekte noem: die normatiewe orde.

In hierdie aspekte het die mens as denkende, voelende en handelende wese, dit is die aksiesentrum, in en deur die groep funksies om te vervul in die konkrete werklikheid. Dit verklaar die aanhaling van Wilson en Kolb. Die sosiale sisteme waarvan genoemde skrywers praat is dus niks anders nie as die wetenskaplike studie van die menslike samelewing as 'n totaliteit van die samelewingsvorme, die samelewingsverhoudinge, die handelinge en gebeurtenisse in hulle onderskeie verskyningsvorme, of indiwiduele gestaltes, waarin die samehangende aspekte

---

1) Wilson, L. en Kolb, W.L.: Sociological Analysis, p. 846.

2) Vgl. Dengerink, J.D.: Critisch - Historisch Onderzoek naar de Sociologische Ontwikkeling van het Beginsel der „Souvereiniteit in Eigen Kring" in de 19de en 20e eeuw, p. 191.

en funksies tot openbaring kom om die geheel te vorm.

Die Sosiologie is dus die dinamiese strukturele orde van die menslike samelewing omdat enersyds die rangorde konstant bly en andersyds die samelewingsorde vooruitgaan en ontwikkel.

Samevattend gestel is die veld van ondersoek van die Sosiologie die „struktuurteorie van die menslike samelewing: d.w.s. die ondersoek na die dinamiese strukturele orde van die menslike samelewing en van die menslike persoonlikheid soos dit ontwikkel en gevorm word in sy wisselwerking met sy sosiale milieu, maar in die vorming en onderhouding daarvan word hy voortdurend gelei en gerig deur sy persoonlike verantwoordelikheids - en normbesef" [1)]

Saam met die opvatting van Van Dijk val ook dié van Furfey [2)] wat 'n analise en klassifikasie van een-en-tagtig geformuleerde omskrywinge en definisies van die Franse, Duitse, Amerikaanse en Engelse Sosiologie gemaak het. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die Sosiologie die struktuurwetenskap van die menslike samelewing is.

5. Die Opvoedkundige Sosiologie.

Die Sosiologie het 'n verdieping en splitsing na binne ondergaan. Dit hang saam met die belangstelling wat die Sosioloog na die Opvoedkundige lewensterrein van die samelewingswerlikheid aan die dag gelê het.

Die Opvoedkundige Sosiologie is dus Spesiale Sosiologie, ook genoem Aspeksosiologie. Daar is ook byvoorbeeld nog Plattelandse en Stedelike Sosiologie, Gesinsosiologie, die Sosiologie van die Huwelik, Sosiale Instellinge, Sosiale Probleme, Sosiale Patologie, Kriminologie, daar is Ekonomiese Sosiologie, Godsdienssosiologie, Bedryfsosiologie, Regsosiolo-

---

1) Van der Walt: Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, p. 16. Vgl. du Preez: Sosiologie III diktaat, 1956.

2) Vgl. Furfey, P.H.: The Scope and Method of Sociology. A Metasociological Treatise, p. 148.

gie, Kultuursosiologie, Krisissosiologie ens.

Tesame staan die Aspeksosiologieë, die historiese en die algemene Sosiologie bekend as die Ensiklopedie [1] van die Sosiologie. Elkeen is 'n selfstandige tak van wetenskap, dus Sosiologie en Struktuurwetenskap. Om hierdie bewering te staaf haal ons Kooistra [2] aan: „Ook als aspectsociologie blijft onze wetenschap totaliteitswetenschap, de wetenschap van de individualiteit en van de individuele orde in de samenlevingsstructuren en handelingen."

Die kern van die Opvoedkundige Sosiologie is nl. dat dit die wetenskaplik uitgeboude sosiologiese aspek [3] van die Teoretiese Opvoedkunde is, d.w.s. dat die empiriese gegewens van die Opv. Sos.se prinsipia en norme in ooreenstemming met dié van die Teoretiese Opvoedkunde moet wees [4].

Op hierdie kern, wat ek wel aanvaar, sal nie dieper ingegaan word nie.

Vervolgens skenk ons aandag aan die volgende:

a) <u>'n Kort historiese oorsig van die ontstaan van die Opvoedkundige Sosiologie en enkele grondstellinge</u>.

(i) <u>Die ontstaan van die Opvoedkundige Sosiologie in Frankryk en enkele grondstellinge</u>.

Oor die algemeen word aanvaar dat Émile Durkheim (1858-1917) die grondlegger is van die Opvoedkundige Sosiologie [5].

'n Grondvraag spruit voort uit die volgende aanhaling

---

1) Vgl. Du Preez: <u>B.A. III Diktaat</u>, 1958.

2) Kooistra: <u>De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie</u>, p. 30.

3) Vgl. o.a. Ottaway: <u>Education and Society</u>, p. 1.

4) Van der Walt: <u>Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif</u>, p. 17.
Vgl. Waterink, J.: <u>Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek. Deel 1: De Paedagogiek als Wetenschap</u>, Tweede Druk, p. 313-314.

5) Vgl. o.a. Ottaway: <u>The British Journal of Sociology</u>, Vol. VI, No. 3, Sept. 1955, p. 213.

uit sy werk, wat die studieterrein volgens die toentertydse opvatting bepaal het, nl. „education is essentially social in character, in its origins and in its functions, and that as a result the theory of education relates more closely to sociology than to any other science........The man which education is obliged to make of us is not man as nature made him, but as society wishes him to be" [1].

Aangaande Durkheim sê Case [2] „....the eminent French sociologist and educator, Professor Émile Durkheim .... sees in the individual merely a product of social environment, the passive subject of social compulsion".

Volgens Durkheim is die Opvoedkundige Sosiologie 'n wetenskap waarin die Opvoedkunde by die Sosiologie ingelyf moet word om die Sosiologie te dien [3].

Ons tipeer hierdie siening as 'n sosiologisme, d.w.s. as die sosiologiese vorm van die positiwisme [4] in die onderwys en opvoeding. Maar hierdie tendens werk ook deur tot die menslike samelewing as 'n geheel.

(ii) Die Opvoedkundige Sosiologie van Amerika en enkele grondstellinge.

Die hoofstuk van L.F. Ward, „Education as the proximate means of progress" in Dynamic Sociology (1883) dui aan dat die opvoeding en onderwys die krag tot verbetering van die menslike samelewing is. Die vooruitgang van die samelewing bestaan veral in kennis wat deur die opvoeding en onderwys vergroot en versprei moet word. Die bereik van geluk is die hoogste doel van die menslike strewe om vooruitgang te verseker. Ward se werk dien as inspirasie vir die beskouing van J. Dewey t.o.v. die onderwys en opvoeding. Smith skrywe oor lg.: „His (Dewey's)

---

1) Engelse Vertaling van Durkheim se „Education et Sociology", pp. 106, 117.

2) Case, C.M.: Outlines of Introductory Sociology. A Textbook of Readings in Social Science, p. 869.

3) Van der Walt: Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, p. 18.

4) Ibidem.

philosophy underlies educational sociology" [1].

Dié opvatting oor die sosiale rol van die opvoeding is 'n sterk oorbeklemtoning van die sosiologiese aspek van die Opvoedkunde.

In 1896 skrywe Small in dieselfde trant: „Sociology demands of education that teachers rate themselves as makers of society" [2]. Ook die kommissaris vir opvoeding en onderwys van die V.S.A. verklaar: „No philosophy of education is fundamental until it is based on sociology" [3].

In „The School and Society" (1899) oorbeklemtoon Dewey die sosiale aspekte van die opvoeding en onderwys en hy sê dat afgesien moet word van die skool as 'n kompartementele instelling.

Die verdere ontwikkeling van die onderwys en opvoeding is weer eens gebaseer op die beskouinge van Dewey tot op die huidige oomblik. Hier tussenin volg ook 'n werk van Cooley [4] wat van belang is.

H. Suzzallo se poging is die eerste wat 'n soort van kursus in Opvoedkundige Sosiologie by die opleiding van onderwysers in 1907 instel.

Sedert die Eerste Wêreldoorlog word die sosiale waardes in die opvoeding en onderwys deur opvoedkundige sosioloë sterk beklemtoon [5], veral by die opleiding van onderwysers.

In hierdie tyd maak ons ook kennis met G.E. Payne wat beskou word as die vader [6] van die Opvoedkundige Sosiologie in Amerika. Hy word die redakteur van die „Journal of Educational Sociology", wat in 1948 vervang word deur die

---

1) Smith, W.R.: „Recent progress of Educational Sociology" in Journal of Educational Sociology, Volume Vlll, No. 8, April, 1930, p. 453.

2) Small, A.W.: „The Demands of Sociology upon Pedagogy" in Journal of Educational Sociology, Volume 2, No. 6, May, 1896, pp. 893-951.

3) Educational Review: June, 1893, Volume 6, No. 1, p. 84.

4) Cooley, C.H.: Social Organization.

5) Vgl. Brown: Educational Sociology, p. 42.

6) Vgl. Brown: Educational Sociology, p. 34.

„American Sociological Review."

Afgesien van hierdie tydskrifte het nog talle werke oor die Opvoedkundige Sosiologie in Amerika verskyn [1].

Die algemene strekking van die Opvoedkundige Sosiologie van Amerika is ewe eens 'n oorbeklemtoning van die sosiale aspek in die onderwys en opvoeding, en dit lei tot die

---

1) Current Sociology: Volume Vll, No. 3, 1958. The Sociology of Education. A trend report and bibliography. Prepared for the International Sociological Association, with the support of U.N.E.S.C.O.

Brim, O.G.: Sociology and the Field of Education. Prepared for the American Sociological Society.

Finney, R.L.: A sociological philosophy of Education.

Payne, G.E.: Principles of Educational Sociology. An Outline.

Smith, W.R.: Principles of Educational Sociology.

Ellwood, C.A.: Social Problems and Sociology.

Kulp, D.H.: Educational Sociology.

Kinneman, J.A.: Society and Education.

Waller, W.: The sociology of teaching.

Peters, C.C.: Foundations of Sociology.

Cook, L.A.: Community backgrounds of education.

Moore, C.B. en Cole, W.E.: Sociology in educational practice.

Havighurst, R.J., en Neugarten, B.L.: Society and education.

Brookover, W.B.: A Sociology of Education.

positiwistiese vorm van die Sosiologie in die onderwys en opvoeding.

Dit kulmineer in „Education for living in a world community" [1]. Die implikasie van hierdie doelstelling is 'n poging van die Opvoedkundige Sosiologie om die opvoeding uit die konkrete lewensituasies van die sosiale orde, d.i. uit die totaliteit van die sosiokulturele werklikheid te laat groei.

(iii) Die Opvoedkundige Sosiologie van Engeland en enkele grondstellinge.

Die Opvoedkundige Sosiologie van Engeland ontstaan tydens die Tweede Wêreldoorlog met die inspirerende publikasies van K. Mannheim. Hy was pedagoog en sosioloog [2].

Hy lê die volgende drie grondstellinge neer vir die belangrikheid van die Opvoedkundige Sosiologie:

(a) „that the control of modern society is impossible without intimately knowing how that society works,

(b) „that sociology has become an established subject during the last decades in all important countries,

(c) „that education has little meaning without constant reference to the society in which the educated will have to live, or in other words that especially the training of teachers remains incomplete without an adequate knowledge of sociology" [3].

'n Grond~~vraag~~trek wat hieruit voortvloei is die sosiologiese beskouing van die onderwys en opvoeding, nl. „to tell him as a teacher and educator what he ought to know about the place of education in the social order" [4], d.w.s. die onderwyser moet die plek van opvoeding ken in die groot geheel wat ons die menslike samelewing noem.

---

1) Havighurst, Robert J. en Neugarten, L.: Society and Education, p. 349.
2) Vgl. Van der Walt: Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, p. 24.
3) Mannheim: Sociology and Education, p. 4.
4) Id., p. 6.

Maar dit sluit ook daarby aan dat hy met die sosiologiese analise van die menslike samelewing vasgestel het „that we are living in a Mass Society" [1], waarmee dan rekening gehou moet word in die onderwys en opvoedingstelsel.

Die begripsanalise van hierdie „Mass Society" gee Röpke [2] wat die klem laat val op die volgende:

(a) Die individuele mense leef binne opeengehoopte massas.

(b) Dis massas mense wat meganies saamgehoop is in die groot stede, fabrieke, vakunies, politieke partye ens. is sonder leierskap van verantwoordelike outoriteit.

(c) Hierdie massasamelewing bestaan uit mense wat sonder ankers in die duursame gemeenskapsvorme lewe.

(d) Ook die individuele primêre houdinge en deugde word in hierdie proses van losrukking 'n vereensamingsproses vir die individu wat die massa as sy enigste binding en anker beskou omdat dit hom bestaansekerheid gee.

Die opvolger van Mannheim en F. Clarke is Ottaway, wat 'n leerling van beide is. Idees wat deur Mannheim en Clarke voorgestaan is, is deur hulle leerling Ottaway in „Education and Society" saamgevat en uitgebou. Die boek lewer dan ook 'n belangrike bydrae tot die Opvoedkundige Sosiologie.

Ook Ottaway voorsien deur middel van sy opvoedkundig-sosiologiese werk in die behoeftes van die veranderde Britse sosiale milieu: die „Mass Society" waarvoor opgevoed moet word.

'n Belangrike werk in hierdie verband wat ons graag wil noem is 'n onlangse publikasie van Collier [3]. Ook sy beskouing is van belang omdat die onderwys en opvoeding volgens hom moet groei uit die konkrete lewensituasies wat voortspruit uit die oorbeklemtoning van die kultuurbegrip [4].

---

1) Mannheim: Diagnosis of Our Time. Wartime Essays of a Sociologist, p. 1.

2) Vgl. Röpke, W.: Civitas Humana. A Humane Order of Society, p. 134.

3) Collier, K.G.: The Social Purposes of Education.

4) Vgl. Ottaway: Education and Society, veral hoofstukke 2 en 3.

In samehang met die kort historiese uiteensetting oor die opkoms van die Opvoedkundige Sosiologie en die ontwikkeling in breë trekke, is dit nou ons taak om spesifiek die veld van ondersoek van die Opvoedkundige Sosiologie te bepaal.

a) Definisies en omskrywinge volgens die moderne gangbare opvatting oor die studieterrein van die Opvoedkundige Sosiologie.

(i) Definisies en omskrywinge.

(1) „The approach of educational sociology is not alone individual or societal: it is both. Educational sociology is the study of the interaction of the individual and his cultural environment, which includes other individuals, social groups, and patterns of behaviour" 1).

(2) „Educational sociology is the science which aims to reveal the connections at all points between the educative process and the social process. It is the science of the educational phase of the social life, or more exactly, of the educative aspect of the social process. Its business is to show the origin, development and function of the educative process in human society" 2).

(3) „The study of those phases of sociology that are of significance for educative processes, especially the study of those that point to valuable programs of learning and controls of learning processes" 3).

(4) „Educational sociology courses currently include the relation of institutionalized education to other aspects of sociology, human interaction and relationships within the school, the relationship between the school and the community,

1) Brown: Educational Sociology, p. 33.
2) Ellwood, C.A.: „What is Educational Sociology?", Journal of Educational Sociology, Sept. 1927, Vol. 1, p. 27.
3) Good, Alvin: The Dictionary of Education.

and the impact of the school on the personality and behavior of its participants" [1].

(5) „By educational sociology we mean the science which describes and explains the institutions, social groups, and social processes, that is, the social relationships in which or through which the individual gains and organizes his experiences. These social interdependencies include not merely those in which the individual gains and organizes his experiences as a child, but also those groups and processes in which he must function in adult life. The social relationships are furthermore regarded particularly in relation to the educational system in its evolution and changing function" [2].

(6) „Educational sociology is obligated to analyze the evolution of the educational institutions in response to the needs of their creators and it is concerned to define the influence of the educational institutions in determining the social personality of those who come within their influence. The nature of the problem makes it amenable to approach either from the side of personality or from the side of culture. Accepting human need and personality as constants, the educational sociologist may undertake the analysis of the factors, of forces, operating to determine the form and function of the institution in a given culture, its interaction and integration on the institutional level with coexisting institutions. Or, accepting the institution as an existing constant, the educational sociologist may undertake to define its influence on the personality and character of those exposed to its influence" [3].

---

1) Brookover, W.B.: Sociology of Education. A definition, pp. 407-415, geneem uit „Sociology in Educational Practice."

2) Payne, E. George: Principles of Educational Sociology. An Outline, 1928, p. 20.

3) Reuter, E.B.: „The Problems of an Educational Sociology", Journal of Educational Sociology, Sept. 1935, Vol. 9, No. 1, p. 15.

(7) „To express it in the language of academic subjects, courses on

(i) Sociology of Education,

(ii) Science of Human Behaviour,

(iii) Sociology of Culture.

(iv) Study of the Social Structure, ought to assist the training in education proper" [1].

(8) „Education when studied from the sociological point of view is a study of social relationships. But the whole process of education and society is the relation of one social process with a larger social process. The sociology of education focuses upon the social forces through which the individual is developed, and the social relations by which the individual gains experience" [2].

(9) „The school needs to accept the responsibility of becoming the converging point and the coördinator of all the education agencies of the community" [3].

(10) „The educational problem must never be separated from the social problem. It is all part of the great enterprise of civilization, the provision of a truly civilized society" [4].

(11) „Educational sociology is the study of experience in the group as an educational process. The major developments in educational sociology reveal personality as being born and growing up in social groups. They show that social experience is both the main educator and the most natural educator" [5].

---

1) Mannheim: Diagnosis of Our Time, p. 60.

2) Ottaway: Education and Society, p. 1-2.

3) The Journal of Educational Sociology, Vol. 111, Sept., 1929, June, 1930. Artikel van Richard Aspinall: „Some Reflections upon the Field of Educational Sociology," p. 188.

4) Dent, H.C.: Education in Transition, p. 234.

5) Bogardus, E.S.: Sociology, p. 350.

(12) „Sociology looks to the school as the effective means by which society can make superior adjustments" [1].

(13) „Cooley and others have pointed out the immediate importance of the school group together with the family and the play group in the life of the ordinary individual in his early and most formative years, terming all three primary, face-to-face groups" [2].

(14) „We have now to examine the implications of the mass-society for the young. They no longer grow to maturity within the life of true social units" [3].

(15) „Education wisely directed, it was hoped, would be a stabilizing influence upon a society undergoing rapid change in a war shattered world. Thinking of the impact of education on society" [4].

(16) „The major problems of our age deal with human relations; the solutions can be found only in education. Skill in human relations is a skill that must be learned; it is learned in the home, in the school, in the church, on the job, and where people gather together in small groups" [5].

(17) „Educational sociology, already a ficture in all teachers' colleges, examines the work of the schools from the point of view of their success in preparing the pupil for wholesome community living...school administrators have become more conscious of the need of building up desirable social relationships in community life; hence the new

---

1) Groves, E.R. en Moore, H.E.: An Introduction to Sociology, p. 520.

2) Ross, E.J.: Fundamental Sociology, p. 284.

3) Reeves, Marjorie: Growing up in a Modern Society, p. 86-87.

4) Lester Smith, W.O.: Education in Great Britain, pp. 168, 169, 170.

5) „Informal Adult Education", A Guide for Administrators, Leaders and Teachers... by Malcolm S. Knowles, p. 8-9.

emphasis upon sociology in training teachers" [1].

(18) „When the functional relationship between a society and its schools is not considered, and when further the functional relationship between the purpose of education and the content of education is overlooked, discussions on the curriculum become anaemic and sterile. Such a false isolation of the problem means that the essential points are overlooked. The curriculum is an instrument devised for a purpose. The purposes of society determine the purpose of the schools; the purpose of the schools decides the content of education" [2].

(19) „... It is represented as the result of a decade of experience in teacher training institutions in which the author has made an effort to make prospective teachers, within the limits of a brief course, see the relationships which exist between organized society and the practice of the teaching craft. That the process of education should simplify the environments for the child no one can question" [3].

(20) „We learned that the aims of education might be thought of as the institutions of society" [4].

(21) „No wonder the cry of unreality is raised against the school system and reforms are proposed which have in view the reintegration of education and life" [5].

(22) „A good school may help one to make a living but good education in the social environment of voluntary interests out of school is the education that helps one to make a life" [6].

---

1) Murray, Raymond W.: Introductory Sociology, p. 5-6.
2) The Content of Education. Proposals for the Reform of the School Curriculum being the Interim Report of the Council for Curriculum Reform, p. 13-14.
3) Kinneman, John A.: Society and Education, Preface p. Vll-Vlll.
4) Id. p. 417.
5) Davis, Kingsley: Human Society, p. 228.
6) Stimson, C.: Education after school, p. 1.

(23) „There are two aspects of that unity and integrity of person that education sets itself to preserve and fulfil; one aspect is the development of abilities to suit individual capacity, the other is the education of individuals towards a social understanding of the communities and associations to which they may belong" [1].

(24) „Educational sociology as the means of social progress" [2].

(25) „Educational sociology as a basis for deciding the objectives of education" [3].

(26) „Educational sociology as an analysis of the socializing process" [4].

(27) „Educational sociology as an analysis of the place of education in society" [5].

(28) „Educational sociology as an analysis of social interactions within the school and between the school and the community" [6].

(29) „By implication educational sociology is then a special sociological area, and by definition, one which deals with the structural and dynamic aspects of the educative process. It is interested in studying this structure to discover the theories and philosophies entailed, its cultural systems, and the structural aspects of personalities and interrelations with the total social scheme. It is likewise concerned with the study of the social and cultural processes and personality processes as they relate to the educative process. And lastly, it is concerned with making application of these

---

1) Id., p. 73.
2) Brookover, Wilbur B.: A Sociology of Education, p. 23.
3) Id., p. 24.
4) Id., p. 25.
5) Id., p. 27.
6) Brookover: A Sociology of Education, p. 27.

findings for the furtherance of democratic values, in short social or democratic education" 1).

(30) „Educational sociology is the application of sociological knowledge and technique to educational problems in the field of human relations and material well being" 2).

(31) „The sociology of education may be defined briefly as a study of the relations between education and society. It is thus a social study, and, in so far as its method is scientific, it is a branch of social science. It is concerned with educational aims, methods, institutions, administration, and curricula, in relation to the economic, political, religious, social and cultural forces of the society in which they function. In the education of the individual it concerns the influence of social life and social relationships on the development of personality" 3).

b) 'n Kort analise van die definisies en omskrywinge van die Opvoedkundige Sosiologie.

Die gemeenskaplike waarheidsmomente in hierdie en ook ander dergelike definisies en gangbare omskrywinge van die studieterrein van die Opvoedkundige Sosiologie kan as volg geklassifiseer word:

Eie opvatting en samevatting.

A. Nommers 1 en 23 handhaaf die organiese opvatting in die opvoeding, d.w.s. die kind is indiwidu en tegelykertyd ook sosiale wese, waartoe sy wordende persoonlikheid gelei, gerig, ontwikkel en gevorm moet word vir sy uiteindelike, verantwoordelike, persoonlike en sosiale roeping.

---

1) Robbins, Florence Greenhoe.: Educational Sociology; A Study in Child, Youth, School and Community, p. 6.

2) Cook, Lloyd Allen: A Sociological Approach to Education, p. 9.

3) Ottaway: Education and Society, p. 1-2.

B. Al die definisies en omskrywinge het te make met die opvoedkundige lewensterrein in die sosiale orde: veral die huis, die kerk, die staat, naas andere.

C. Die skool staan in die brandpunt van die opvoedkundige belangstelling in sy wedersydse wisselwerking met die samelewingstotaliteit.

D. Die doelstelling van die Opvoedkundige Sosiologie kom o.a. uit in nommers 20 en 30.

E. Daar word ook deeglik rekening gehou met die magte wat op die samelewing en die skool, in wisselwerking met mekaar, inwerk: ekonomiese, tegniese, industriële en politieke magte [1].

F. Onder andere tree die sosiale prosesse van verandering, sosiale beheer en kultuuroordrag tevoorskyn in nommers 15, 25, 29 respektiewelik.

G. In ander definisies en omskrywinge blyk dit dat ons met die konkrete werklikheid van die empiriese gegewens van die menslike samelewing te make het in die funksionele verhouding van die skool tot die menslike samelewing.

H. Dat daar 'n verhouding bestaan tussen die Opvoedkundige Sosiologie en die Teoretiese Opvoedkunde is ook 'n grondstelling wat ons slegs kortliks aanstip sonder om in die besonderhede toe te tree.

c) <u>Samevatting en eie opvatting</u>.

Die Opvoedkundige Sosiologie het tot taak om uitvoering te gee aan die volgende:

(1) „In hierdie omlysting ondersoek aspeksosiologie, t.w. die Opvoedkundige Sosiologie, die sosiologiese aspek (die empiriese gegewens) binne die kader van die Teoretiese Opvoed-

---

1) Current Sociology: Vol. V11, No. 3, 1958: *The Sociology of Education*.

kunde. Enersyds impliseer dit 'n aanvaarding van die organiese opvatting oor die Opvoeding en andersyds hoe die Sosioloog hom besin aangaande en bedien van dieselfde prinsipia en norme van die Opvoeding: by beide het ons te make met die Calvinistiese siening oor die opvoedkundige lewensterrein.

(2) „Die Opvoedkundige Sosiologie stel 'n ondersoek in na die samelewingsverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse op die opvoedkundige lewensterrein: die huisgesin, die kerk en ook die staat, en alle ander samelewingsverbande.

(3) „Dit het tot taak die ondersoek na die struktuur van die skool as samelewingsvorm, omdat spesifiek die skool deur hierdie lewensterrein gekwalifiseer word. Aspeksosiologie, t.w. Opvoedkundige Sosiologie, is dus struktuurwetenskap.

(4) „Dit het verder tot taak om 'n ondersoek in te stel na die invloed wat die skool ondergaan van die totaliteit van die samelewing en omgekeerd die invloed wat die skool uitoefen op die totaliteit van die samelewing. In hierdie verband is van besondere belang die invloed van die norme en die feite van die skool op die totaliteit van die samelewing, en omgekeerd die invloed van die konkrete samelewingsituasie op die positivering en formulering van die norme vir die skool.

„In hierdie omlysting dien o.a. die kulturele vakke soos Geskiedenis, Aardrykskunde en Natuurkennis geïntegreer in die Sosiale Studies vir die laerskool om die kultuurverworwenhede oor te dra aan die kind-en-die-groep deur die kulturele lewensfunksies by die persoonlikheid in wording vir 'n persoonsroeping" [1] Dit dien as 'n goeie voorbeeld omdat die Sosiale Studies eintlik die vrug van die Opvoedkundige Sosiologie is [2].

---

1) Van der Walt: Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, p. 460-461.

2) Ibid. p. 42.